

# Dinsdag 12 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:2b

## Christus plus is leeg

Hierdie perikoop is niks anders as 'n loflied nie. 'n Loflied wat in detail vir ons beskryf dat Christus genoeg is. Dat ons niks en niemand anders nodig het om verlos te word nie. In vers 2b word dit baie sterk gestel: *As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom.*

Hoe geweldig sterk is hierdie bewoording nie! 'n Mens wat aan iets anders as die evangelie vashou, is 'n mens wat vir alle basiese redes ongelowig kon bly. Hierdie woorde verwys nie na ander gelowe nie, maar na gelowiges – mense wat bely dat Jesus die Christus is – wat aan iets anders as die evangelie vashou. In kort kan mens hierdie “iets anders” 'n “Christus-plus” geloof noem. Eenvoudig kan ons dit sien as gelowiges wat Jesus as die Christus bely, maar Christus alleen is nie genoeg nie! Daar kort altyd nog iets.

'n Christus-plus verhouding bly egter leeg. Want al daardie plusse – die “iets anders as die evangelie” is mensgemaak. Mensgemaak maak ongelukkig seer en stel teleur. Dit bring nie verlossing en herstel nie, maar eerder verwydering en vervreemding.

'n Gelowige wat glo Jesus is die Christus, maar met sy of haar gehoorsaamheid hulle ewige saligheid probeer verseker, sal daagliks 'n swaard van God se oordeel oor hulle koppe voel hang. Ons kan immers nie ons eie saligheid bewerk deur ons werke en gehoorsaamheid nie!

'n Gelowige wat 'n geestelike tuiste soek en telkens met mensgemaakte voorwaardes vir hierdie tuiste vorendag kom, gaan altyd teleurgestel word. Want die mens stel teleur. Die mens is sondig. En dan dryf gelowiges weg van geloofsgemeenskappe!

Daarteenoor staan ons Koning en Verlosser, Jesus Christus. Hy wat volmaak en genoegsaam is om my te red van die verderf. Glo in Hom. Soek Hom waar net Hy – niks plusse nie – in die kerk verkondig word, want net Hy is genoeg. Enigiets anders is leeg!

*Sing: Skrifberyming 11-2: 1, 2*

*Ds. D Kotzee (Dirk) (Pretoria-Alkantrant)*